# Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186


6 Februarie 2026

Geagte ouers/voogde

## NUUSBRIEF 5/2026

### FINANSIES

Ons wil graag ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor elke ouer/voog wat reeds van die begin van die 2026-skooljaar, die skoolfonds getrou betaal. U betrokkenheid en verantwoordelikheid maak 'n werklike verskil. Deur u samewerking stel u die skool in staat om volhoubaar te funksioneer, kwaliteit onderrig te handhaaf en 'n veilige, ondersteunende leeromgewing vir elke leerder te verseker.

Ons besef dat finansiële verpligtinge, beplanning en opoffering verg, en daarom waardeer ons u ondersteuning en lojaliteit ten volle. Dit is juis hierdie samewerking tussen ouers/voogde en die skool, wat bydra tot die sukses en vooruitgang van ons skoolgemeenskap.
Baie dankie vir u vertroue en voortgesette ondersteuning.

- **Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde (Graad 1 – 7)**
  Kwalifiserende ouers/voogde moet jaarliks aansoek doen vir vrystelling- of gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Indien u 'n 2026-Aansoekvorm benodig, moet u asseblief 'n e-pos stuur aan finansies@laerskoolvillieria.co.za.
  Aansoekvorms sal dan aan ouers/voogde gestuur word per e-pos. Geen harde kopieë sal uitgedeel of ontvang word nie, slegs per e-pos. Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde word bepaal deur formules en regulasies soos deur die Departement van Onderwys daargestel.

### AKADEMIE

- **Toetsrooster (Kwartaal 1)**

| DATUM | GRAAD 4 – 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| Dinsdag, 17 Feb. '26 | Engels | Engels |
| Donderdag, 19 Feb. '26. | Atletiek: Distrik | |
| Dinsdag, 24 Feb. '26. | Afrikaans | Afrikaans |
| Donderdag, 26 Feb. '26 | Wiskunde | Wiskunde |
| Dinsdag, 3 Mrt. '26 | NW/Teg | EBW |
| Donderdag, 5 Mrt. '26 | SW: Geskiedenis | NW |
| Dnsdag, 10 Mrt. '26 | SW: Geografie | SW: Geo en Gesk |
| Donderdag, 12 Mrt. '26 | PSW: Graad 6 (Projek) | |

### FOTO'S

- **Atletiekfoto**
  As gevolg van te veel leerders afwesig tydens die neem van die atletiekfoto, word dit weer Donderdag, 12 Februarie 2026 geneem. U kind moet sy/haar Villiesdrag onthou vir die foto.

## SKOOL GESLUIT

Aangesien Laerskool Villieria die organiserende skool van vanjaar se Cluster Atletiekbyeenkoms by Hoërskool Oos-Moot is, het die Departement van Onderwys toestemming aan ons skool verleen om gesluit te wees op Dinsdag, 10 Februarie 2026.

***Die volgende reëlings is van toepassing op hierdie dag:***

- ✓ Alle leerders wie nie deelneem aan die Clusterbyeenkoms nie, bly daardie dag by die huis.
- ✓ Geen onderrig vind plaas nie.
- ✓ Geen graad R- tot 7-leerder wie by die huis bly, sal afwesig gemerk word nie, met ander woorde dit beïnvloed nie sy/haar statistiek vir 100% skool-besoek nie.
- ✓ Daar sal wel toesig hier by die skool wees vir die enkele leerders wie nie by die huis kan bly nie.
- ✓ Laasgenoemde leerders kom met skoolklere of Villiesdrag skool toe. Normale skoolreëls geld steeds.
- ✓ Geen tasse word skool toe gebring nie.
- ✓ Villies Naskoolsentrum sal normaal voortgaan vir ingeskrewe naskoolleerders wie nie tuis kan bly nie.
- ✓ *Die skoolkantoor, finansiële kantoor en Villies KlereHub sal ook op Dinsdag, 10 Februarie 2026 gesluit wees. Ontvangs sal wel beman word.*

## FONDSINSAMELINGSPROJEK

- **Huishoudelike Plastieksakke**
  Ons jaarlikse fondsinsalingsprojek het reeds afgeskop. Ons eerste besending is amper op pad en die uitdeeldatum sal aan u gekommunikeer word. Ons vra dat u steeds voortgaan om soveel as moontlik pakkette te verkoop aan u familie, vriende, bure en kollegas. Die pakkette beloop R55 per pakket.

## OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN

- ✓ Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat.
- ✓ Toegang by die kantoorhek: Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).
- ✓ Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie.

Ons vra vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid, asook ons skool en personeel se eiendom.

## TOEPASSING VAN SKOOLREËLS

Ons versoek ouers/voogde vriendelik, maar tog ernstig om ag te slaan op die voorskrifte en skoolreëls soos in die leerders se Villies-dagboekie uiteengesit. Leerders word aangespreek oor skooldrag, veral tekkies saam met grys broeke (sien asseblief die voorskrif), asook die dogters wat nie die voorgeskrewe oorbelle (sien voorskrifte) dra nie. Die leerders word in die proses onnodig aangespreek omdat hul ouers/voogde aandring dat hulle dra wat vir hulle gegee word. U samewerking in die opsig word opreg waardeer.

## TOESLUITKASSIES (Lockers)

Daar is slegs nog ‘n enkele paar toesluitkassies beskikbaar teen R150 elk vir die jaar. Leerders kan kom navrae doen by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor.
EFT-betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van *“First come, first serve.”* Slegs kontant- of kaartbetalngs. Leerders moet ook reeds die nommer van die toesluitkassie ken wat hul wil gebruik voor hulle aanmeld by mevrou Ida Roodt.

*Let wel: Geen toesluitkassies mag gedeel word met ander leerders of boetie/sussie nie.*

## VERDAAGTYE

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:

- ✓ Graad R 13:00
- ✓ Graad 1 en 2 13:15
- ✓ Graad 3 – 7 13:30

Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

## VILLIES GEBEDSGROEPE

Alle pappas, mammas, oumas, oupas, voogde en ondersteuners van Laerskool Villieria wat 'n hart vir gebed het, kom bid saam met ons!

- **Dames gebedsgroep**
  - ✓ In die Sportsaal (Sportvelde oorbaan).
  - ✓ Maandae 7:15 – 7:45
  - ✓ Vrydae 7:15 – 7:45

  Volg die skakel om deel te word van die W/app groep:
  https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq
- **Manne gebedsgroep**
  - ✓ By Christlife Ministries Kerk (In 30ste Laan langs die skool).
  - ✓ Vrydae 7:15 – 7:45

## LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe Facebookblad
https://www.facebook.com/share/1CqaLgS3Kt/
Ons vorige Facebookblad naamlik "Laerskool Villieria Amptelik" is nie meer in gebruik nie.

## KULTUUR

- **ATKV-Redenaars (Graad 1 – 7)**

  Ons wil graag ons leerders bemagtig en inskryf vir Redenaarskompetisies. Deelname is vrywillig soos enige ander buitemuurs. Redenaars is 'n voorbereide beredeneerde toespraak waar leerders 'n gehoor moet oortuig van 'n standpunt. Die toespraak moet ook duidelike verwysings bevat om die argument mee te staaf. Indien u graag u kind wil laat deelneem, is dit u en u kind se verantwoordelikheid om die praatjie te skryf en te oefen. Graad 6- en 7-leerders moet ook 'n onvoorbereide toespraak lewer tydens die ATKV-rondtes.

  Die eerste kompetisie waaraan die leerders kan deelneem, is ATKV-Redenaars. Volg gerus die skakel na die vol-ledige deelnemersgids vir ATKV-redenaars
  https://indd.adobe.com/view/8500e672-6b01-47ab-9041-8a1b41814185

  Tydens ons jaarlikse Welsprekendheidsaande in die skoolsaal, gaan leerders die geleentheid kry om hul toesprake te kom lewer. Die aande dien as oudisies, omdat ons slegs twaalf leerders per groep mag inskryf vir die kompe-tisies.
  Daar sal ook repliek aan die ouers/voogde en leerders gegee word wat hulle dan kan gebruik om beter voor te berei vir die kompetisies.

  Alle graad 1- tot 7-leerders wat graag wil deelneem, moet hul name by juffrou Van der Bank kom opgee voor of op Woensdag, 4 Februarie 2026.

  - ➢ Temas vir 2026 (Soos gekommunikeer in 2025)
    - ✓ Graad 1 – 3 Huis, Pleister, Geraas
    - ✓ Graad 4 – 5 Koers, Kriewel, Sout
    - ✓ Graad 6 – 7 Kies, Pronk, Rebelleer
  - ➢ Struktuur van toesprake
    - ✓ Graad 1 – 3 2 – 3 argumente 2 – 4 minute
    - ✓ Graad 4 – 5 2 – 3 argumente 3 – 5 minute
    - ✓ Graad 6 – 7 3 – 4 argumente 4 – 6 minute
  - ➢ Welsprekendheidsaande
    - ✓ Juniors (Graad 1 – 3) Maandag, 23 Februarie 2026
    - ✓ Seniors (Graad 4 – 7) Dinsdag, 24 Februarie 2026

  Verdere inligting sal volg.

- **<u>Redenaarsopleiding (Graad 1 – 7)</u>**
  *(Vir alle ouers/voogde en leerders)*

  Is u as ouer/voog bekommerd oor die skryf van u kind se toespraak? Moenie slapelose nagte hê nie, ons het die perfekte oplossing om u te help om 'n praatjie aanmekaar te sit.
  Daar sal tydens die geleentheid vir die leerders geleer word hoe om 'n praatjie te oefen en ook oulike raad gegee word oor die aanbieding van 'n redenaars toespraak.

  ✓ Wanneer: Saterdag, 7 Februarie 2026
  ✓ Waar: **Laerskool Villieria Sportsaal (Ooorbaan)**
  ✓ Aanbieder: Petrus Jacobs

  ✓ Tyd: Opsie 1: 9:00 – 13:00 (Skryf EN aanbieding van toesprake)
  Opsie 2: 12:00 – 13:00 (Slegs aanbieding van toesprake)

  ✓ Koste: Opsie 1: R200 p/gesin
  Opsie 2: R 50 p/persoon (Alle ouderdomme bo 6 jaar. Kinders onder 6 jaar gratis)

  Die gelde is betaalbaar by die deur of voor die einde van kwartaal 1. Uitstaande gelde sal op u skoolgeld-rekeningstaat vereffen word.

  Registreer asseblief vir die opleidingsessie deur die volgende skakel te voltooi:
  https://forms.gle/auJk62bCoABx39k29

  Ons moedig ook graad 6- en 7-leerders en hul ouers/voogde aan om die opleidingsgeleentheid by te woon aan-gesien hulle 'n onvoorbereide toespraak moet lewer tydens die ATKV-Redenaarskompetisie.

- **<u>Koor (Graad 4 – 7)</u>**
  ➢ <u>Oefening (Begin Maandag, 23 Februarie 2026)</u>
  ✓ Maandae 6:45 – 7:30
  ✓ Woensdae 6:45 – 7:30

- **<u>Revue</u>**
  Leerders wat deel vorm van 2026 se Revuegroepe het reeds einde 2025 'n brief ontvang.

  ➢ <u>Oudisies</u>
  Oudisies vir nuwe leerders vind plaas op Maandag, 9 Februarie 2026 (13:45 – 15:15).

  ➢ <u>Ouervergadering</u>
  ✓ Donderdag, 19 Februarie 2026 (18:00)

  ➢ <u>Oefening (Begin Maandag, 23 Februarie 2026)</u>
  ✓ Maandae 13:45 – 15:15
  ✓ Woensdae 13:45 – 15:15

## <u>SPORT</u>

- **<u>Netbal</u>**
  ❖ **<u>Mini-Netbal (o/7 – o/9)</u>**
  ➢ <u>o/7 en o/8</u>
  Die o/7- en o/8-dogters ontvang Maandag, 9 Februarie 2026 'n brief rakende deelname. Dogters wat belangstel moet die skeurstrokies inhandig by hul klasjuffrou.
  ➢ <u>o/9</u>
  Ons eerste rondte proewe vind plaas Donderdag, 12 Februarie 2026 (13:00 – 14:00).

  ❖ **<u>Netbal (o/10 – o/13)</u>**
  ➢ <u>Proewe vir die komende week</u>
  ✓ Donderdag 14:00 – 16:00

  *(Dogters van die A- tot C-spanne se name sal Vrydag, 13 Februarie 2026 op wees by hul afrigter se klas).*

- Pas en bestel van netbalrokkies
  Daar is 'n paar netbalrokkies in voorraad beskikbaar by ons Villies KlereHub. Die koste beloop tussen R235 en R290. Dogters kan slegs 13, 16 en 17 Februarie 2026 voor skool kom pas by die Klerehub.

  Indien daar nie genoeg rokkies in voorraad is nie, sal 'n bestelling geplaas word. Hierdie bestelling se betaling geskied eers met die ontvangs van die rokkies. Dit sal om en by die eerste week van Maart wees sodat almal reg is vir ons eerste vriendskaplike wedstryd op Donderdag, 5 Maart 2026.

- **Rugby**

❖ **Bulletjie-Rugby (Graad R- tot 2-seuns)**

- Fooie
  Alle gelde word by die skool inbetaal. Indien u 'n EFT-betaling doen in die skool se bankrekening, gebruik asseblief u familiekode, tesame met PR980 as verwysingsnommer. Die seisoenfooi beloop R512 p/speler.

- Villies-Naskoolleerders
  Indien u seun 'n ingeskrewe naskoolleerder is en deur die naskoolpersoneel oorbaan geneem moet word (16:45) na die rugbyveld vir oefeninge, moet u die Naskool skriftelik in kennis stel.

- Oefening

| | |
|---|---|
| ✓ Maandae | 17:00 – 18:00 |
| ✓ Woensdae | 17:00 – 18:00 |

Vir enige navrae of indien u nog nie deel is van die W/app-groep nie, kontak asseblief Johan Basson by 082 778 5800.

❖ **Rugby (o/9- tot o/13-seuns)**

Aangesien die afrigters slegs oefengroepe het en nog nie spanne gekies het nie, is dit belangrik dat alle belangstellende seuns vir die oefeninge sal opdaag.
Seuns wat nog by atletiek betrokke is en ouers/voogde verkies om te wag dat die atletiekseisoen verby is voordat die seun aansluit by rugby, sal nie gepenaliseer word nie. Hierdie seuns kan wel aansluit by rugby oefeninge tydens die atletiekseisoen en tydens kontaksessies uitsit.

- Oefening

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Woensdag | o/9 en o/10 | 14:00 – 15:00 |
| | o/11 tot o/13 | 15:00 – 16:00 |
| ✓ Donderdag | o/9 en o/10 | 14:00 – 15:30 |
| | o/11 tot o/13 | 15:30 – 17:00 |

- Toere
  Dit is lekker om aan te kondig dat Laerskool Villieria vanaf 2026 ook met die B-spanne 'n toer gaan bywoon.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ o/9A en o/10A | 13 – 15 Maart 2026 | Zwartkloof | R1 500 |
| ✓ o/11A en o/13A | 22 – 25 Maart 2026 | Volksrust, Pionier | R2 100 |
| ✓ o/9B tot o/11B | 26 – 28 Maart 2026 | H/s Oos-Moot | R 800 |
| ✓ o/13B | 30 Maart – 1 April 2026 | H/s Oos-Moot | R 800 |

Ons as afrigters sien baie uit na die rugbyseisoen met die eerste wedstryde wat afskop op Dinsdag, 3 Maart 2026 teen Laerskool Garsfontein (tuis).

- **Atletiek**
  Met die afsluiting van die atletiekseisoen wil ons graag ons opregte trots en waardering uitspreek teenoor elke leerder en ouer/voog wat deel was van hierdie besondere seisoen.

  Aan ons leerders:
  Julle het met ywer, deursettingsvermoë en sportmanskap deelgeneem. Of dit nou op die baan, die veld of vanaf die kantlyn was – elke poging, elke wedloop en elke persoonlike beste het getuig van moed en toewyding. Julle het die skool met trots verteenwoordig en waardevolle lewenslesse oor dissipline, samewerking en volharding geleer.

Aan ons ouers/voogde:
Baie dankie vir u onwrikbare ondersteuning. U aanmoediging, teenwoordigheid by byeenkomste, logistieke hulp en positiewe betrokkenheid het 'n groot rol gespeel in die sukses van die seisoen. Die samewerking tussen ouers en die skool het 'n sterk fondament geskep waarbinne ons leerders kon floreer.

Baie sterkte aan al ons atlete wat aan die Cluster byeenkoms gaan deelneem, ons is baie trots op julle!!! Dit is nou die tyd om die vrugte te pluk van al jou harde werk wat jy ingesit het.

- Oefening
  Daar is geen oefening die komende week nie.

- Byeenkomste
  Die atlete wat deelneem aan die Cluster byeenkoms op Dinsdag, 10 Februarie 2026 by Hoërskool Oos-Moot, sal 'n program ontvang.
  - Atlete neem deel in die volgende drag alleenlik:
    - ✓ Villiesdrag, of
    - ✓ Afmou villieshemp, of
    - ✓ Villies ski-pant (beskikbaar by Villies KlereHub)


- Borge
  'n Groot woord van dank aan die volgende borge wat gehelp het dat ons die Cluster Atletiek-byeenkoms kan aanbied. Sonder julle sou dit baie moeilik gewees het. Ondersteun hul asseblief gerus.
  - ✓ Bestcare Ambulans Dienste
  - ✓ Blits Hardeware
  - ✓ Gaby's Kwikspar
  - ✓ Les Marais Spar
  - ✓ Lone Hawk Spur
  - ✓ Pick 'n Pay Wonderboom Junction
  - ✓ Postnet Wonderboom Junction
  - ✓ Proshield Sekuriteit
  - ✓ Superspar Wonderboom Junction
  - ✓ Wonderboom Junction Winkelsentrum

## STUDIEMETODES

**Graad 4 – 7**
Laerskool Villieria het dit goedgedink om kosteloos vir u as ouer/voog, 'n "Educational coach" te nader om u te kom toespreek oor studiemetodes vir graad 4- tot 7-leerders. Ons vra dat u hierdie baie belangrike dag sal bywoon. Die snoepie sal ook beskikbaar wees.

- ✓ Waar: Laerskool Villieria skoolsaal
- ✓ Wanneer: Saterdag, 14 Februarie 2026
- ✓ Tyd: 9:00 – 11:00
- ✓ Parkering by personeel afdakke. Ingang by die motorhek in 29ste Laan.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**A.J. GROBLER**
**HOOF**

***SIEN ASSEBLIEF DIE VOLGENDE BLADSYE***


Creating a lifelong
LOVE for reading!
Lechelle van Biljon
FRANCHISEE: MOOTMONTANA
081 561 4886
mootmontana@littlereaders.co.za
www.littlereaders.co.za
Mootmontana, Pretoria
Children
Afrikaans & English 3-13 Years
Letter Getters
Pre-Reading Skills
Early Birdy
Early Reading Phase
Story Stackers
Foundation Phase Reading
Bilingual Boomers
FAL (First Additional Language)
BOOK BUDDY
Big Readers deserve Big Reading


We teach kids to read, and to LOVE it!
Letter Getters
Pre-Reading Skills
Early Birdy
Story Stackers
Foundation Phase Reading
• Klank en letterherkenning
• Fonologiese bewustheid
• Leesgereedheidsvaardighede
• Luisterbegrip
• Vinnige herkenning van klankies
• Fonologiese prosesse in plek
• Klank van woorde
• Geniet lees van kort stories
• Versterk die leesproses
• Oorkom lees struikelblokke in Graad 1 – 3
• Skep 'n stresvrye omgewing vir lees
• Akademiese voordeel deur ekstra lees
Ons bied steun aan lesers van 7-13 jaar
Pro-aktiewe lees 3-6 jaar
Bilingual Boomers
FAL (First Additional Language)
BOOK BUDDY
Big Readers deserve Big Reading
• Basiese klanke in EAT
• Geniet kort stories
• Inleiding tot Biblioteek uitdaging EAT
• Ontwikkel selfvertroue in EAT
• Ons "WEN" kinderhartjies vir LEES
• Voorgestelde boeke en idees
• Kreatiewe belonings om ekstra lees aan te moedig
• Vet pret met leesuitdagings
Afrikaans / Engels
Little Readers
and Pre-Readers
www.littlereaders.co.za


CHRIST LIFE REVIVAL MINISTRIES
573, 30TH AVENUE, VILLIERIA
CHRIST LIFE
REVIVAL MINISTRIES
KIDS
WAKE UP
CONFERENCE
20-22 FEB'26
IN THE HALL
REGISTER WITH LINK
X3DE
IN PARTNERSHIP
WITH X3DE JEUG
FOR MORE INFO
CONTACT LENÉ
@0727314600
FREE
FRI @19:00
SAT @09:00
@11:30
@18:00
SUN@09:00






**WORSHIP WITH DANCE**
**LAERSKOOL VILLIERIA**

R350.00 p/m

*Kom dien die Here saam my*
*Deur middle van dans kinders vanaf*
*7 tot 13 jaar is welkom,*
*My Visie is om 'n nuwe generasie dansers*
*te vorm wat nie net dans nie maar aanbid*

*Kontak my gerus by: 0820836676*
*Lee Bruwer*


Kontak:
Charlene @ 082 565 5362
Gerrit @ 073 249 6311
Vrydae
07:15 - 07:45
LAERSKOOL VILLIERIA
MANNE GEBEDSGROEP
Begin 16 Januarie 2026
573, 30stelaan, Kerkgebou
100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER


Die Voortrekkers
Die jeugorganisasie vir leierskapsontwikkeling vanaf graad R-12
AFRIKANERSKAP
BURGERSKAP
CHRISTENSKAP
DIENSBAARHEID
DIE VOORTREKKERS BIED:
# Kultuur in die natuur deur avontuur
# Blywende vriendskappe
# Wonderlike kampervarings
# Mentorskap
# Veilige spasie vir ontwikkeling
# Kundige volwasse leiding
# Gesonde kompetisie
# Onvergeetlike ervarings
# Meer as 200 spesialisasies (kortkursusse)
DIE VOORTREKKERS BEVORDER:
# Afrikaans
# Bybels-Christelike waardes
# Gemeenskapswaardes
# Nuttige lewensvaardighede
# Eiewaarde
# Spanwerk
# Dinamiese leierskap
# Positiewe burgerskap
# Liefde vir die natuur
HOU KOERS
DELTA Voortrekkers
Kontak ons gerus:
083 709 9588 / 082 507 2518- Corike Malan
Email : delta@voortrekkers.co.za
www.delta.voortrekkers.co.za
facebook: Die Voortrekkers: DELTA
Maandae 17:00-18:00
hou KOERS!


DELTA
VOORTREKKERS
IN
VIR
die Moot
Dis nou 'n knap idee !
HOU KOERS
VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD
95
2026
Saterdag 31 Jan
9:00-11:00
Moot Slothuis Park
(h.v Codonia en Terblanch
straat)
Kom leer en speel saam